***<u>Uit die hoof se kantoor:</u>***
***<u>15 September 2025</u>***

Geagte Ouer / Voog en Gemeenskap

Ons is uiters trots op ons twee graad 3 leerders wat “Spelathon en Readathon” op distrikvlak gewen het. Baie geluk aan Carolina Froneman en Amé Strydom julle was puik.

Ons leerders is daagliks gereed vir toetsreeks en ek waardeer elkeen se harde werk en puik voorbereiding. Jou sukses en talente gaan saam met goeie voorbereiding. Mag elkeen se uitslae wees volgens jou droom en harde werk ingesit.

Op kultuurgebied bly ons uiters besig en is ons so trots op ongelooflike uitslae, maar nog meer op elkeen wat deelneem en jouself so verbeter vir die lewe daar buite. Ons gelukwensing aan leerders vir koor, spreekkoor, debat, redenaars en spanredenaars. Julle tyd gegee vir ons skool word opreg waardeer.

Debat: Net 8 spanne is deur na finaal. 2 van hulle is ons spanne (André en Berto, De Wet en Valentino). Ons beste wense vergesel julle met deelname aan finaal. Geluk seuns.

Op sportvlak is ons so trots op ons hokkiespanne wat verras en goeie voorbereiding en talent wys met hul liga en toernooi. Ons gelukwensing aan ons 0/13 span wat die Woodlandstoernooi wen. Geluk aan ons 0/10 dogters wat deelneem aan uitspele by liga-finale. Baie geluk aan ons 0/11 en 0/12 spanne. 0/11 Liga – Naaswenners en 0/12 Liga wenners. Sterkte vir die twee spanne met “Eastern-finale” - geniet elke oomblik.

Krieket: Ons seuns begin nou werklik wys dat talente ontvang ten toon gestel word en het ons vorige week verras met puik uitslae. Seuns bou so voort en onthou die drie dele van krieket: veldwerk, kolf en boul. Ons rus die week en speel dan laaste twee ligawedstryde voor uitspele.

Hengel: Met die afgelope Gauteng Skoleliga-hengelseisoen is vier van Concordia se spanne uitgenooi na die Sentrale Gauteng Skolefinaal.

Die Gauteng Skolefinaal is op 30 en 31 Augustus 2025 by die Nile Universiteit-dam in Mokopane gehou.

Op Vrydag het ons O/10-span deelgeneem aan die finaal en daarin geslaag om as wenners van die toernooi uit te tree met 59 vis wat ’n totaal van 139,31 kg geweeg het.

Die swaarste sak is deur Ruben Fourie gevang, wat die derde plek behaal het met 44,58 kg.

Met groot opgewondenheid het ons spanne op Saterdag ook deelgeneem – ons O/13-seunspanne en ons jongedamespan.

Ons jongedamespan het baie hard geveg en die derde plek algeheel in die liga behaal met 29 vis wat 74,32 kg geweeg het.

Ons O/13-seuns het mekaar die stryd aangesê:
Ewan Koekemoer het die derde plek verower vir die meeste vis (13 vis).
Adriaan Els het die eerste plek verower vir die meeste vis (17 vis).
Vir die swaarste sak: Liam Prinsloo 38,50 kg, Ewan Koekemoer 38,79 kg, en Adriaan Els die eerste plek met 42,10 kg.
By die Victors Ludorum-afdeling het Adriaan Els die eerste plek algeheel gewen en Ewan Koekemoer die tweede plek algeheel.

Ons spanne se algehele prestasie:
Concordia A-seunspan: 38 vis vir 100 kg.
Concordia B-seunspan: 43 vis vir 117 kg.

Hiermee het ons O/13-seunspanne die eerste en tweede plek algeheel verower.

Ons is ongelooflik trots op ons hengelaars en wens al die spanne wat deurgedring het na die Champ of Champs-toernooi in Oktober baie sterkte toe.

Die spanne wat deurgaan is:
Concordia jongedamespan
Concordia A-seunspan
Concordia B-seunspan
Concordia O/10-span

Baie geluk aan elke deelnemer – mag dit ’n wonderlike toernooi wees!

Fondse: Dankie aan elkeen wat getrou skoolfonds en ontwikkelingsfonds betaal. Ons moet egter `n plan beraam om agterstallige gelde te in met druk op fondse. Ons noem weer u kan `n reëling maak met Me. M Theron by finansies om ons te help en so druk te verlig op almal. Ons moet, soos u ook, daaglikse betalings maak en kan nie ons personeel behou wat beheerliggaamposte het en alles doen sonder skoolfonds nie. Ons moet gebou en terrein opknap en hand hou oor ons gronde en kan beslis nie sonder nodige fondse nie. Ons gaan skoolgeldrekening moontlik in kleurkoevert plaas om te wys ons het hier dringende hulp nodig.

Geboue en terrein: Ons is besig om `n keerwal te bou by kleuterspeelgrond en mure op rugbyveld kry die week aandag. Ons moet grasdak vervang en sal binnekort met verbeteringe begin. Diefwering is aangebring en sal ook soos ons fondse bekom in

ander klaskamers gedoen word. Ons bring ook nuwe toiletpapierhouers in juniorbadkamers aan wat kan sluit, sodat papier nader is, maar nie afgehaal en in toilet gegooi kan word nie. Diskussirkel en area is opgeknap en lyk sommer pragtig. Ons bly sukkel met rioolstelsel veral rondom saal en sal weer poog om hier `n verandering te bewerkstellig. Ons moes ook weerligafleiers in elke kragboks plaas.

Ons wil vandag elkeen bedank wat ons so positief ondersteun en besef dat u aandeel in leerders se opvoeding daagliks groter word. Ons mag slegs aanvaarde dissiplinestelsel volgens dagboek gebruik en het geen ander manier om leerder te ondersteun as daar oortredings is nie. Ons en u werk aan ons leerders se toekoms en kan dit slegs doen as u ons en stelsel ondersteun. Afwesighede is en bly `n probleem. U moet asseblief sorg dat leerders soveel as moontlik by skool is en nie besluit of hulle wil skoolgaan of nie.

Saam sien ons uit na Vrydag se kaskardag en pretdag en glo elkeen sal die dag saam met hul maats kom geniet. Soos u reeds gesien het is klere vir optog vervang met pret by springkastele en weet ons leerders gaan dit meer geniet en onthou as `n optog. Dankie vir u positiwe ondersteuning ook met die fondsinsameling.

Wat wil ons doen met fondse ingesamel: Solarprojek finaliseer en afhandel.

Selfone: Ons neem kennis van probleme met selfone en wat leerders doen, alhoewel hulle nie volgens ouderdom sekere “apps” op hul fone mag hê nie. Ek vra hier hulp met twee probleme:

Ons mag nie `n foon benut tussen 07:30 en 13:45 nie, hier sal ons aanpassing maak. Glad nie benut op skoolterrein nie. Leerders mag u nie bel in skooltyd nie, volgens beleid. Dit is meestal eerste oortreding en saak word nie deur korrekte kanale aangemeld nie.

U moet asseblief kyk wat op u kind se foon aangaan en help asseblief met probleme wat saans en oor naweke gebeur. Ons help, maar u bly die ouer wat dadelik kan help. U moet u kind hier help en self optreë met maats wat nie verstaan hoe om fone korrek te gebruik nie.

Mag die week een van voorspoed wees met God se seën vir elkeen van Sy kinders.

C Blignaut
Hoof